

28 Januarie

Genesis 1:26-28; 4:7

Christen - gesalf tot koning

In ons skeppingsopdrag staan die woordjie "heers". Die dagtaak van die mens is dus 'n koninklike taak wat deur God aan hom opgedra is. Die mens se taak is om God se koningskap oor die aarde namens Hom hier uit te voer.

Die Here het van die begin af die mens aangestel om ook as koning oor die Satan en die sonde te heers, soos blyk uit sy opdrag aan Kain. Die mens moet koninklik heerskappy voer oor die sonde.

Sedert die sondeval het die mens egter as koning gefaal. In plaas daarvan dat die mens oor die sonde heers, het hy die slaaf van die sonde geword. Satan en die sonde het die heerskappy oorgeneem en regeer die mens.

Ook in sy heerskappy oor die skepping het die mens misluk. Hy het begin om sy gesag te misbruik, en deur wanbestuur die skepping eerder vernietig as om dit te bewaar en oordeelkundig te bestuur.

Genadiglik het Christus sy Koningskap gehandhaaf. Hy het volmaak oor die sonde geheers. Aan die kruis het Hy die Satan oorwin en sal met sy wederkoms ook die aarde weer nuut maak.

Christus het die gelowiges van die slawerny van die sonde en die dood bevry en weer hulle koningskap herstel. In Christus is ons meer as oorwinnaars en ten volle in staat gestel om weer oor die sonde te heers. God self het ons daarvoor toegerus met die salwing van die Heilige Gees.

Sing Psalm 8:1,4,5

Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)